

9 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 27:32-56

Fokusgedeelte: Matteus 27:35

Jesus Christus klee ons met eer en heerlikheid

Ons bedek ons naaktheid deur klere aan te trek. Om bewus te wees van 'n mens se naaktheid, is die gevolg van die sondeval. Nadat Adam en Eva in sonde geval het, word hulle daarvan bewus dat hulle naak is. Hulle bedek hulle met vyeblare. So word die eer en heerlikheid waarmee God hulle geskep het van hulle weggeneem. Hulle was nie meer beeldraers van God nie.

Jesus Christus hang naak aan die kruis. Almal rondom die kruis het Hom in sy naaktheid gesien en bespot. Dit is deel van die verskriklike vernedering wat Hy aan die kruis ondervind het. Hierin vind ons 'n besondere vergestaltung van sy lyding. Hy moes van die kruis aanskou hoe die soldate sy klere verdeel deur die lot te werp. Johannes 19:23-24 verklaar aan ons verder wat daar langs die kruis gebeur het. Die soldate wat Jesus gekruisig het, het sy klere geneem en in vier dele verdeel. Elke soldaat sou 'n deel ontvang. Hierdie klere was deel van die bokleed. Daar was egter ook 'n onderkleed. Die kleed was sonder naat en in een stuk geweef. Die soldate wou die onderkleed nie skeur nie. Hulle werp die lot om te besluit wie die kleed sou ontvang. So word die profesie van Psalm 22 aan die kruis vervul. Die Messias sou ly. Sy klere sou verdeel word en oor sy gewaad sou die lot gewerp word.

Jesus Christus hang naak aan die kruis sodat ons geklee en aanneemlik vir God kan wees. Jesus Christus klee ons sodat al die verskriklike gevolge van die sonde van ons weggeneem word. In Jesus Christus word ons so geklee dat God ons in genade aansien. Ons ontvang weer eer en heerlikheid. Nou kan ons elke dag beeldraers van God in die wêreld wees.

Leef elke dag in dankbaarheid met die eer en heerlikheid wat jy in Jesus Christus ontvang het. Wees so 'n ware beeldraer van God in die wêreld!

Sing: Skrifberyming 9:5 Ds AF Berg (Bothaville)